

6 November 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 38

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkrumtes
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

VOORBLAD

Hoop lééf in Gemeente Koster

Hoop is om te bly glo, om te lewe van God se krag in 'n klein Hervormde gemeente wat met sewe lidmate bly bid het vir God se genade, en geanker in geloof gebly het om sy Woord te leef.

Hoe bevoorreg is ons om as gelowiges saam te bid en God te prys vir sy goedheid! Nog nooit het ons kerkwees so beleef soos nou nie! Ons word 'n gelowige familie wat deel in mekaar se lief en leed. Die gemeente, nou meer as 50 lidmate, kuier elke Sondag na die erediens almal saam, drink tee en geniet koekies, en dan word die preek bespreek. 'n Voorreg om te deel.

Daarna gaan kategeseklasse voort, NHSV-vergaderings word bespreek, en al die dames van hierdie gemeente neem deel! Met elke erediens, Nagmaal of gemeenteprojek is 95% van die gemeente betrokke, en jy weet en beleef God Drie-enig se teenwoordigheid. Ons is so dankbaar!

Jy bid en dank God vir sy liefde, jy vertrou God volkome, en daarom kan ons gemeente naasteliefde duidelik bewys in ons geloof en met God se leiding in ons lewe. Deur sy genade kan ons in ons handel en wandel elke dag beleef hoe goed God voorsien in Gemeente Koster. Sonder verwyf bly jy bid vir medegelowiges en jy bly gefokus op positiewe denke.

Hy gee ons vrede, vreugde en hoop wat net Hy kan gee en jy ervaar die blydskap wat elke gelowige behoort te ken. Ons onthou egter ook om ander te vergewe, soos onself. Met God se liefde in ons harte kan ons. Ons kan selfs hierdie herinneringe aan foute in die verlede omskep in danksegging vir waardevolle lesse wat ons geleer het.

God voorsien ryklik in alles wat ons nodig het – ook vir ons voortbestaan. Spesiale seëninge soos om elke Sondag 'n predikant of dosent te ontvang vir Woordverkondiging. 'n Algemene Kommissie wat saam met ons gemeente bid, hoop en vertrou en die waarheid ken.

NHKA Gemeente Koster het ook 'n Facebook-blad waarop ons trots is. Daar kan ons elke Sondag se preek deel, asook gemeentenuus deurgee. Ons blad het reeds meer as 1 500 vriende.

Dit is heerlik om te weet dat elke einde die voorloper van 'n nuwe begin is. Soos die donker voor die dag breek, sal ons donker uur ook plek maak vir die helder lig en die belofte van 'n nuwe môre. God lei en rig ons. Hy vernuwe ons denke en nuwe deure gaan oop tot groter wysheid en seëninge. Sy weg is ons weg, want nooit ooit sal God sy rug op sy kerk draai nie, en vol vertrou volg ons Hom.

God seën die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

**Oudl Rika Pienaar
Skriba, Gemeente Koster**



BEROEPE EN WERKRUIMTES

Beroep ontvang

- **Ds JAC (Jan) Rossouw** (emeritus) na Clocolan (deelydse werkkruimte)

Beroep aanvaar

- **Ds JD (Jan) Grobler** (emeritus) na Kroonstad (deelydse werkkruimte)



Ds Jan Rossouw

Ds Jan Grobler

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Emerituspredikant **ds Casper du Plessis se skoonmoeder** is Vrydag 31 Oktober onverwags in die ouderdom van 87 jaar oorlede. Sy was in 'n tehuis vir bejaardes. Ons innige simpatie gaan aan ds Du Plessis, sy vrou Gerda en hul familie.

- Emerituspredikant **ds Theuns Snyman se skoonogter Phyllis en haar moeder** is Sondagoggend 2 November op hul kleinhoewe naby Krugersdorp aangeval en ernstig aangerand. Haar man, Lukas, en dogtertjie, Annabel, is ongedeerd. Phyllis is in 'n ernstige toestand in die hospitaal en sal operasies moet ondergaan om breuke in haar arms te herstel. Haar moeder is ook in die hospitaal opgeneem. Ons bid die gesin sterkte en die beseerdes algehele herstel toe.



Mev Sus Dreyer

- **Mev Sus Dreyer**, weduwee van ds Herbert Dreyer, is op 13 Oktober in Kloof Hospitaal opgeneem. Sy het 'n aggressiewe kwaadaardige gewas in haar kakebeen gehad wat verwyder moes word. Dit het weens komplikasies na die operasie nie goed met haar gegaan nie, maar haar toestand is nou stabiel. Mev Dreyer is 84 jaar oud. Ons bid haar spoedige beterskap toe en vertrou dat sy nog baie jare met haar goeie werk in Ons Tuis en die Kerk sal kan voortgaan.

- Die **Eendrachtkring** kom byeen op **Donderdag 20 November** en nooi alle emeriti en hul gades, asook predikanteweduwees uit na die afsluiting van die aktiwiteite van 2014. Dit behels onder meer die verkiesing van 'n nuwe bestuur en ander toepaslike sakies, wat opgevolg word deur 'n heerlike ete. Die ete is geborg deur die NHSV Hoofbestuur – bring net eie drinkgoed saam. Laat weet asseblief **voor of op Saterdag 15 November** of u die geleentheid gaan bywoon.

Plek: Gemeente Montana

hv Azanza- en Jan Bantjiesweg, Montana

Tyd: 09:30 vir 10:00

Skakel: Gonda Viljoen by 012 813 8031 / 082 324 1105

of Johanna Steyn by 012 348 0314 / 082 749 3071

- **Aksiegroep vir Bejaardes.** Bejaardes het verskillende behoeftes. Die een is immobiel vanweë verswaktheid, 'n ander worstel met swak sig en nog 'n ander met 'n chroniese siekte. Sommige is baie eensaam en voel dikwels alleen en vergete. Ware barmhartigheid beteken om die behoefte/s raak te sien en in Christus se voetspore jou hart en hand uit te reik met hulp en omgee. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **Gemeente Rust der Winter se Nagmaalservies** is tydens 'n onlangse inbraak gesteel. Enigiemand wat 'n servies aan die gemeente kan skenk of verkoop, moet asseblief dringend in verbinding tree met dr Barry van Wyk by 014 715 2614, 082 828 5711 of bv@vodamail.co.za.





- **Dr Stephan Hoffman** van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) is ingevolge die rotasiestelsel van die BSA met ingang van 1 November 2014 vir 'n termyn van twee jaar aangewys as Streekhoof van die Gauteng-Streek van die BSA. Hy bedien egter steeds die gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Gauteng, KwaZulu-Natal, Mpumalanga, Oos-Kaap en Vrystaat asook die gemeentes van die Evangelies-Gereformeerde Kerk in die vier noordelike provinsies van die land. **Dr Kálmán Papp**, tans Bestuurshoof van die Kempton Park Administratiewe Sentrum wat die vier noordelike streke van die BSA huisves, bly steeds verantwoordelik vir die bediening van die gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Limpopo, Noordwes, Noord-Kaap en Wes-Kaap asook die gemeentes van die Afrikaanse Protestantse Kerk in die vier noordelike provinsies van die land.
- **Vakante pos: Redakteur vir ADV-publikasies.** Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering benodig die dienste van 'n redakteur vir die ADV se maandelikse bylaag in *Konteks*, 'n *Stukkie Brood*. Die redakteur sal ook verantwoordelik wees vir die ADV se elektroniese maandblad, *Omgee-in-Aksie*, sowel as vir plasings in die *e-Hervormer* namens die ADV. Daar is 'n onderhandelbare vergoeding aan die dienste verbonde. Rig aansoeke aan ds Gerhard Stoltz, die sekretaris van die ADV, by gerhard@diakens.co.za.
- **Die Kerkhistoriese Genootskap se jaarkongres** vind op **Donderdag 27 November** by Gemeente Pretoria plaas. Die tema is *Verset teen die owerheid: Die Rebelle van 1914*. Verrigtinge begin om 09:30, waarna **prof AWG Raath** aan die woord is oor die Rebelle van 1914: Generaal JH de la Rey en Siener van Rensburg. **Emeritusprof SJ Botha** sal praat oor die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Rebelle van 1914. Na die oorhandiging van die SP Engelbrecht-erepenning sal **dr Wim Dreyer** Reformatoriese perspektiewe gee oor verset teen die owerheid. Na afloop van algemene replek vind die jaarvergadering plaas. Rig navrae aan dr Kálmán Papp by papp@biblesociety.co.za.
- **Ring van Roodepoort: Organiseerder Evangelisasiewerk.** Die ring wag aansoeke in vir 'n evangelisasiepos teen onderhandelde vergoeding. Die suksesvolle kandidaat sal 'n teologiese gegradueerde wees met 'n belangstelling in evangelisasie. 'n Nagraadse kwalifikasie in evangelisasie sal 'n aanbeveling wees. Hy/sy sal in samewerking met evangelisasiekomitees in die gemeentes van die ring van Roodepoort evangelisasie-inisiatiewe beplan en lei. Die aanstelling sal vir 'n sekere tydperk wees en sal dan geëvalueer word in terme van die daadwerklike groei wat in die gemeentes plaasgevind het. Belangstellendes kan 'n kort en toepaslike CV stuur aan die voorsitter van die ring, ds Kobus Pienaar, by ajpienaar1@gmail.com.
- Die **vraelyste van die Jeugnavorsingsprojek** waarby die Hervormde Kerk saam met ander kerke betrokke is, is onlangs gestuur aan die jong lidmate wat ewekansig geselekteer is om aan die projek deel te neem. Volgens die organiseerders kom die ingevulde vraelyste maar drupsgewys in. Die betrokke jong Hervormde lidmate word versoek om tog hul vraelyste volledig in te vul en so gou moontlik aan die organiseerders terug te stuur. Enige navrae oor probleme wat met die invul ondervind word, kan gerig word aan YouthSurvey@be.up.ac.za. Ons het uitstekende samewerking gekry van Hervormde gemeentes en jong lidmate wat bereid was om aan die Jeugnavorsingsprojek deel te neem. Help die Kerk nou ook deur die vraelys so gou moontlik volledig ingevul terug te stuur. By voorbaat dankie, Jong Hervormers!
- **NHSV beurse en lenings vir 2015.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R3 000 tot R8 000. Aansoekvorms kan afgelaai word van www.nhsv.org.za, onder NHSV kantoor, pro forma-dokumente. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2014**.



- Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** bedank graag alle gemeentes vir die pragtige bydraes wat gedurende die afgelope boekjaar, wat op 31 Oktober geëindig het, ontvang is. Die meeste gemeentes se bydraes is teen die sperdatum ontvang en sal dus in die verslae aan die ringsvergaderings van 2015 gereflekteer word. Gemeentes word herinner aan die versoek dat die erediensoffergawes (deurkollekties) van Hervormingsondag (26 Oktober) gedurende November oorbetal word. Dit word dan gemeentes se eerste bydraes vir die nuwe finansiële jaar van die Bybelgenootskap. Die bydraemikpunt vir 2014/5 is **R42,00** per belydende lidmaat en word bereken aan die hand van die getalle van die gemeentetelling van Augustus 2014.
- Die Sinodale Kerkkantoor bied vanjaar weer 'n **Kerkspesifieke lessenaarkalender** in die kleure volgens die Kerkjaar aan teen **R30 per kalender**. Die Kerkjaarbesonderhede word elke maand aangedui. Sinodale vergaderings word aangedui – daar is egter steeds genoeg ruimte by elke dag om eie afsprake in te skryf. Kontakbesonderhede van die sinodale instansies verskyn op elke bladsy. Elke maand word inligting oor 'n ander instansie van die Kerk op die betrokke bladsy aangebring – om byvoorbeeld saam te val met Mediasondag (SENTIK) of die NHSV by die maand waarin die NHSV se deurkollekties aan die beurt kom. Die formaat is A2 (4 x A4's), aan die bokant gegom, sodat dit plat op 'n lessenaar kan lê. Plaas u bestelling so gou moontlik by algemeen@nhk.co.za. Die kalenders kan afgehaal word by die Sinodale Kerkkantoor, Jeff Masemolastraat 224, Pretoria.



Liturgiese kalender

- **Die derde laaste Sondag van die kerklike jaar (9 November)**
Op die drie laaste Sondae van die kerklike jaar word aandag gegee aan die eskatologie (die leer oor die laaste dinge). Op die derde laaste Sondag word aandag gegee aan die koninkryk wat reeds gekom het (Mark 1: 15). In die menswording, lewe, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus het die nuwe lewe wat ons verwag alreeds aangebreek. Ons kan op Johannes 12: 47-48 konsentreer wat stel dat deur te glo ons alreeds uit die dood na die lewe oorgegaan het. Ons doop herinner ons dat ons reeds opgeneem is binne die kragveld van Christus se opstanding en dat ons as gedooptes dus alreeds deel in die lewe ewig saam met God (Rom 6: 4). Talle gemeentes vier op hierdie, of die volgende Sondag, die Nagmaal. Die Nagmaal is 'n voorskakel van die ewige feesmaal wat vir ons gereed gehou word (vgl Matt 22: 1-14).
- **Die tweede laaste Sondag van die kerklike jaar (16 November)**
Die eindoordeel geniet aandag op die tweede laaste Sondag van die kerklike jaar. Op voetspoor van die Heidelbergse Kategismus (vraag 52) word met vreugde oor hierdie verwagting gepreek. Die erns van hierdie tema word nie geïgnoreer nie (Matt 25: 31-46, Joh 5: 24 of 2 Kor 5: 10), maar word bedink in samehang met die regverdiging deur die geloof (Rom 1: 17) en die belofte van die nuwe hemel en nuwe aarde (Op 21). Die troos en die krisis van die laaste oordeel (Pred 12: 14) behoort aandag te geniet, sonder om gelowiges beangs te maak. Daar is talle mooi Gesange (584-599) wat op hierdie Sondag gesing kan word. Die liturgiese kleur is groen en nie rooi nie. Groen dui op lewe en vreugde, terwyl rooi na bloed en tranes verwys.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Magaliesmoot: 25-jaar-ampsjubileum van ds Mariët Robbertze Sondag 9 November om 09:00**
Di David Barnard, Stephen de Beer en sr Anna van Zyl sal gelukwense oordra Ds Robbertze het in gemeentes Elandsport, Wespark, Pretoria-Wes en Magaliesmoot gedien
Navrae aan 012 376 4313 of nhkmagmoot@gmail.com



- **Gemeente Zuurfontein: 75-jaar-viering**
Sondag 16 November om 10:30
Erediens waargeneem deur dr Wim Dreyer
Openbare belydenis van geloof waargeneem deur ds Hannes Janse van Rensburg
Groetboodskappe van Kommissie van die AKV en ring van Zuurfontein
082 927 3700 of hannes@nhzuurfontein.org
- **Gemeente Noordelike Pretoria: 80-jaar-viering**
Sondag 30 November om 09:00
12de Laan 512, Gezina, Pretoria
Alle oudlidmate en belangstellendes is welkom
Na die diens om 12:00 word gebraai by die nuwe onderdakbraai
Etes beskikbaar, bring eie drinkgoed
Bevestig **voor 23 November** aantal persone wat gaan bywoon
Kontak Marian Jordaan by 082 937 7562 / marianjordaan@telkomsa.net
of Pikkie Truter by gemeentelike kerkkantoor
012 335 9148 / 083 404 5552 / nhknp123@gmail.com

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 14 November, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Donderdag 6 November: Ds WL (Wikus) van der Merwe (emeritus)
 - o Vrydag 7 November: Ds SA (Fanie) Beukes (Wesmoot)
 - o Sondag 9 November: Ds PJ (Hannes) Wolmarans (Secunda)
 - o Dinsdag 11 November: Ds AH (Adriaan) Roets (Swartkop)
 - o Donderdag 13 November: Ds IL (Innes) Benadé (Oudtshoorn)
 - o Vrydag 14 November: Ds NJS (Nicolaas) Steenekamp (Middelburg)

Beplande vergaderings

- o Donderdag 6 November: Kommissie van die AKV
- o Vrydag 7 November: Kommissie van die AKV
- o Maandag 10 November: Aksiegroep vir Bejaardes
- o Woensdag 12 November: Kinderhuise Direksie
- o Vrydag 14 November: OSR Finkom



THE MEDIATION COMPANY

Die Nuwe "Court annexed mediation Rules" tree op 1 Des 2014 in werking.

Prokureurs, Maatskaplike Werkers, Mediators en ander wat belangstel om mediasies wat deur die hof verwys word te doen, moet 'n geakkrediteerde 5-dag kursus deurloop.

2 kursusse per maand is geskeduleer te NHK Philadelphia.

Vir meer inligting kontak Rudi Rust by 0745503000

www.mediationcompany.co.za

Beskikbare behuising

- Gemeente Bronkhorstspruit: Aftree-eenhede**
De Oude Pastorie Trust Bronkhorstspruit
 Tweeslaapkamereenhede met stoep en toesluitmotorhuis word in die vooruitsig gestel onder die Wet op Behuisingontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone (65 van 1988) op basis van lewensreg. Pryse vanaf R730 000 onderhewig aan eskalasië. Die eenheid sal reg teenoor die Hervormde kerkgebou (langs die ou pastorie) opgerig word en is binne loopafstand van 'n verskeidenheid besighede, dokters, apteke, oogkundiges, poskantoor, munisipale kantore, ensovoorts. Belangstellendes kan die gemeente gedurende kantoorure kontak by 013 932 2929 of 082 353 9752.



Studente-akkommodasie

Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
 Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
 Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 800

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114
 E-pos: admin@tukiestate.co.za / Info: www.tukiestate.co.za

Allegaatjie

In die konsentrasiekampe het ek gesien hoe party mense tot varke kon verdierlik, en ander soos heiliges bo hul situasie kon uitstyg. Die mens besit albei moontlikhede. Watter een verwerklik word, hang nie van jou omgewing af nie, maar van jou eie vrye wil en keuse. (Viktor Frankl)

Kampe en toere

Tarentaalpan

JEUGKAMPTERRAIN THABAZIMBI



Beplan jy 'n jeug - of gemeentekamp?

MAAK DIT 'N BOSVELDERVARING!

NET BUITE THABAZIMBI – ONGEVEER 2-3 URE VAN PTA EN JOHANNESBURG
 Loer by www.tarentaalpankamp.co.za | Besprekings: Rika 0832557963

- Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp 2015**
 Plek: *Serube Sa Phakwe*
 (avontuur-, sport- en lewensvaardigheidsentrum in die Vrededorp-koepel)
Datum: Dinsdag 6 tot Vrydag 9 Januarie 2015
 Tyd: Vertrek Dinsdag 6 Januarie om 13:00



Terug Vrydag 9 Januarie om 13:00
Vertrekpunt: Vanaf die kerkgebou in Silwerstraat 19
Ons ry almal saam per bus – jy gaan hier reeds begin vriende maak!
Skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710
of Terzie Denton by 082 475 4618
of Cari Lourens by 076 971 0326 indien jy enige vrae het
Besoek ons webblad vir registrasie:
<http://www.studentegemeente.com>
<http://www.facebook.com/PotchStudente>

- **Gemeente Kaapstad se kampterrein**
Bekostigbare akkommodasie in Desember-skoolvakansie
Kom kuier Desember op Melkbosstrand
Die kampterrein word weekliks as kleuterskool bedryf
Die badkamerfasiliteite is vanjaar opgeknep
Slaapplek @ R100 per persoon per nag
Plek beskikbaar vanaf 12 Desember 2014
Navrae: Sarie van Schalkwyk 021 553 2110

Konserte en feeste

- **Midstream Familiekerk se Vroue-in-Aksie**
Vrydag 7 November om 19:30: 99 Hits
Sluit musiek vir almal se smaak in
Ten bate van **Van Rensburg-tehuis vir bejaardes**
Barnyard Parkview (Pretoria)
Kaartjies R170 per persoon
Tafels van 10 persone beskikbaar vir groepe
Bring eie verversings of bestel vooraf by die teater 'n pizza/eetgoed
Kontak Carlien Pretorius by 082 9271501 of carlien@wildfiggroup.com
vir besprekings en meer inligting

Sportbyeenkomste

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Karp Hengelkompetisie**
Datum: Saterdag 15 November
Plek: Vlooiakopdam
Koste: R150 per hengelaar met 2 stokke
R100 per kind
Pryse: Slagos en baie ander groot pryse
Navrae: Frans le Roux – 082 892 1325
Agom Prinsloo – 072 345 2025

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Fondsinsamelings**
 - **Wen 'n skootrekenaar:** Samsung Notebook NP270E5E
R10 per kaartjie
Kontak Tobie by 083 327 1500 / nhksasolsuid@gmail.com
 - **Wen 'n versamelaarsmes**
R50 per kaartjie
Navrae aan nhksasolsuid@gmail.com
 - **Koop 'n motorfiets:** Kawasaki ZZR 1100
Ongeveer 67 500 km, goeie toestand
R22 000 onderhandelbaar
Vir fondsinsameling vir gemeente
Kontak Freddie by 083 436 1402

Basaars en markte

- Saterdag 8 November vanaf 10:00: Gemeente Benoryn (Benoni)**
Fees: Kokkenoni!
 By die kerk langs Linmed-hospitaal, hv De Mist- en Strubenstraat, Rynfield
 Al die tipiese basaarkosse, met splinternuwe kinkels!
 Speelpark met waterglybane en ponieritte vir die kinders
Oulikegesiggiekompetiesie: Stuur goeie A5-foto's na dsmarlize@gmail.com
 R50 per inskrywing, heerlike pryse op die spel
 Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317 of e-posadres hierbo
- Maandag 24 tot Saterdag 29 November 09:00-21:00**
Gemeente Trichardtsfontein: Kersmark
 Prinsloostraat, Trichardt
 Unieke Kersgeskenke, deurlopende teetuin, verversings
 Springkasteel, klasse, kindertoesig, skaap te wen
 Navrae aan Marietjie Breytenbach by 072 105 6328
 of Abraham Breytenbach by 072 484 4105
- Saterdag 29 November: Gemeente Wesmoot: Kersmark**
 By Makro in Wonderboom
 Enige gemeente wat wil saamwerk, kan ds Fanie Beukes kontak
 073 167 1183 / faniebeukes@yahoo.com
- Saterdag 29 November vanaf 14:00**
Gemeente Greylingstad: Kersmark
 Uitstallers kan plek bespreek teen R100 per stalletjie
 Kontak Sarie Pieterse by 082 903 4336 / ds Fanie Naudé by 083 391 3151
 Greylingstad is 50 km vanaf Heidelberg op die ou Durbanroete
 Later Kersliedere by kerslig, gelei deur Nelmarie en Christaan Rabie
 Verversings te koop

Vakansieverblyf in Stellenbosch

vir Desember en Januarie

Twee selfsorgwoonstelle te huur
 in Dalsig, Stellenbosch
 1 Desember 2014 tot 31 Januarie 2015
 R400 tot R500 per dag

Skakel 021 882 8319 / 072 203 0050 / 082 789 8771

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad** soek dringend 'n **sekretaresse** vir hul Kantoorkomitee. Hulle vergader 1 x elke 3 maande. Die vergadering begin gewoonlik om 08:30. Hierdie is 'n **vrywillige diens**, vir iemand met 'n hart vir welsyn wat graag betrokke wil raak. Daar is dus **geen finansiële kompensasie** nie. Die pligte is die afneem en tik van die notule. Belangstellendes kan die OSR kontak by 014 717 3594.

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees. (Let asseblief op die nuwe groottevoorskrif.)

Stuur die voorgestelde teks van nie meer nie as 110 woorde met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die e-Hervormer word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). (Die prys styg met ingang van Januarie 2015 na R200 per plasing.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Op my lewenspad is U om my en in my.
In my jeug ontdek ek dit,
in my ouderdom vergeet ek dit nie.
Daarom stap ek die voetpad van my lewe met vreugde,
want U het dit reeds vir my uitgetrap.

(Gebed van Christene in Burundi)



istockphoto.com

Redakteur:	Ds David Barnard
Subredakteur:	Ds Etienne Fourie
Kerknuus:	Dr Wouter van Wyk
Teksversorger:	Mev Tessa Oppermann
Uitlegkustenaar:	Mej Izelle Marx